

EKSOTIESE TRUI IN WIT

BENODIGHEDE: 350 g Nortex Elle Dawn to Dusk (word soos vierdraadgaring gebruik); breinaalde van 2,50 en 3 mm.

MATE: Om borsmaat van 81 cm te pas; lengte 45 cm.

SPANNING: 26 steke en 33 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 3-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; tes - te-same; gl - glip; m1 - maak een steek; enkelrif - enkelrifsteek (= een steek regs, een steek aweregs); beg - begin; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; oks - omgekeerde koussteek (= aweregskant is regte kant van werk).

SIERSTEEK: (Word oor 'n veelvoud van 26 steke gebrei).

1e ry: *r1, (m1, grtgo) 6 keer, (r1, aw1) in vlg st, r4, r3tes, r4, (r1, aw1) in vlg st*.

2e en al die ewe rye: Brei 13 ste regs, brei aweregs oor die 13 gaatjiessteke.

3e ry: *r2, (m1, grtgo) 5 keer, r1; (r1, aw1) in vlg st, r4, r3tes, r4, (r1, aw1) in vlg st*.

Herhaal dié vier rye deurgaans.




foto MIKE VAN NIEKERK

PICOTOMRANDING: 1e en 3e ry:

Deurgaans regs.

2e en 4e ry: Deurgaans aweregs.

5e ry: *r2tes, m1* tot einde.

6e, 8e en 10e ry: Deurgaans aweregs.

7e en 9e ry: Deurgaans regs.

DRIEHOEKINSETSELS IN VOOR- EN AGTERPANT: Word afsonderlik gebrei.

Stel 114 steke op met 2,50-mm-breinaalde en brei 5 cm enkelrif.

Slaan oor na 3-mm-breinaalde en sierpatroon en brei 2 cm — 4 rye.

5e ry: (Verminderry): grtgo, brei pat tot laaste 2 ste, r2tes.

6e ry: Soos 2e ry.

Herhaal laaste 2 rye nog 57 keer; heg laaste 2 steke by 116e ry af.

SYPANTE (4): Word in omgekeerde koussteek gebrei.

Begin by 5e ry vanaf begin van gaatjiespatroon in driehoekinsetsel. Tel ongeveer 90 steke op en brei soos volg:

1e ry: (VK): (r1, aw1) in eerste steek, brei tot laaste 2 ste, r2tes.

2e ry: (RK): aw2tes, aw tot laaste st, (r1, aw1) in laaste st.

3e ry: Deurgaans regs.

4e ry: Deurgaans aweregs.

Herhaal laaste 4 rye nog 10 keer — 44 rye. Heg af.

MOUE (2): Word onder die arm begin en in 2 helftes met omgekeerde vorming gebrei.

Eerste helfte: Stel 2 ste met 3-mm-breinaalde op en brei oks.

naalde op en brei oks.

1e ry: r2.

2e ry: Stel 4 steke aan begin van aweregsry op en brei 6 steke aweregs.

Die siersteek begin hier: Brei telkens soveel steke sierpatroon as wat daar op breinaald is, m.a.w. in derde ry word eerste 6 steke van siersteek, soos uiteengesit vir eerste ry van siersteek, gebrei, ens.

3e ry: Begin met siersteek oor 6 steke.

4e ry: Stel aan begin van aweregsry 4 steke op en brei tweede ry van siersteek.

5e ry: Brei siersteek tot einde.

Herhaal die vier siersteekrye en stel 4 steke aan begin van elke aweregsry op tot daar 158 steke op die naald is. Stel 3 ste in laaste aweregsry op.

Brei nou siersteek oor 161 steke, 10 cm lank — 33 rye.

Verminder vir hals, aan die reguit rand, soos volg: (1 st elke 2e ry) 6 keer.

Heg oorblywende 155 steke af.

Tweede helfte: Stel steke aan begin van regsrye op en hou siersteek deurlopend korrek. Brei aweregs oor vermeerdersteke. Vorm breiwerk, ens. soos eerste helfte.

AFWERKING: Werk skouernate (bo aan moue) toe. Tel steke uit mourand op en brei 5 cm rif vir mouboordjie. Werk moue aan driehoeke vas, en werk synate toe. Tel steke rondom hals op en brei 'n picotrandjie. Vou picotrand na VK om en werk netjies vas. ●